TWEEWEEKLIKSE
GEBEDSNUUS VAN PETRA
INSTITUUT VIR
KINDERBEDIENING

# Petra


Nr 1 van Oktober 2013




***Privaatsak X9906, WITRIVIER, 1240 SUID-AFRIKA***

***Tel: (013) 751-1166***
***Faks: 086 519 2249***
***Sel: 082 446 2274***
***E-pos: info@petra.co.za***
***Web: www.petra.co.za***

***Bank: Petra Kollege***
***ABSA Witrivier***
***Takkode 632005***
***Rek. no. 1370140525***


**Liewe Voorbidder:**

***"'Want die berge kan padgee en die heuwels verdwyn. Maar my liefde vir jou sal nooit verander nie, en My verbond van vrede sal nooit gebreek word nie,' sê die Here wat Hom oor jou on  erm." Jes.54:10***




## Dankie...

**Dat ons Dirk en Taleta Coetsee kan terugverwelkom na hulle 'n geseënde verlo  yd gehad het. Ons almal het hulle baie gemis! Bid ook vir hulle om weer gemaklik in te val – daar is nog baie verantwoordelikhede wat op hulle wag tot en met die einde van die jaar.**

Baie dankie vir julle gebede vir die bewusmakingswerkswinkel te Nosy Be, Madagaskar. Fanie Richter en Gerhard Strobos berig dat bykans 60 persone tydens die bewusmakingswerkswinkel deelgeneem het, bestaande uit leraars en leiers in die kerke. Dit was 'n unieke geleentheid in 'n gemeenskap waar daar nie veel begrip vir kinderbediening is nie en waar byna geen Sondagskool-aktiwit  ite is nie, maar waar die mense baie leergierig is. Hulle het verantwoordelikheid aanvaar en die volgende "droom" ten doel gestel, met 'n strategie om dit te verwesenlik: ***"We and our families will welcome all the children of Nosy Be in the love of Jesus Christ; in the whole of the community, the schools and the church."*** Petra is ook gevra om 'n soortgelyke werkswinkel in Antananarivo in die toekoms te fasiliteer. Die kerk in Madagaskar is baie arm en uitreike daarheen is duur. **Bid asseblief saam met ons vir die verwesenliking van die toekomsti  e proses en ook vir Myndert Bloem en ander sendelinge wat daar werksaam is.**

Van 1 – 6 September het Rudi en Karin Mans 'n opvolgbesoek aan die Delta in Botswana gebring . Petra werk in vennootskap met die NG-gemeente in Frankfort en ***Delta Cross Ministries***. Rudi het 'n kinderdiens in Saronga aangebied en ook vir Gau, Petra-mentor in die Delta, begelei en gehelp met die aanbied van 'n F2-kursus. Die 5 studente wat die kursus bygewoon het, is a  omsti  van vier verskillende plekke en hulle vaar reeds baie goed met die kinderbediening. Gau het egter nodig dat daar nog 'n voltydse kinderwerker kan wees om haar met die groot taak te help. Daarvoor is daar egter volhoubare geldelike ondersteuning vir so 'n persoon nodig. **Bid asseblief saam met ons dat die Here daarin sal voorsien.**

Tydens hulle besoek aan Rundu in Namibië het Rudi en Karin Mans sekere van die vakke van F2 vir die groep van 12 kursugangers aangebied. Manda van Niekerk is ook betrek en begelei sodat sy ook self verdere opleiding kan aanbied. Loof die Here vir hierdie groep se betrokkenheid by kleuterskole en ander skole en bedienings. **Bid dat die Here hulle ook sal gebruik om kinders in hierdie streek na die Here te lei.**

***Die "Vaca  on Bible School"*** wat in Bloemfontein vir Chinese kinders aangebied is, was baie lekker en suksesvol. Dit is deur 30 kinders tussen die ouderdom van 5 en 12 bygewoon. Rië  e Botha is deur 5 jongmense bygestaan. Die kinders was in groepies vedeel en dan het hulle daagliks tussen stasies geroteer, waar hulle 'n ervaringsleerles, kreati we handwerk, die aanleer van 'n memoriseervers en ook 'n sendingverhaal van Gladys Aylward beleef het. **Bid dat hierdie kinders die Here op 'n besondere manier ervaar het en die Gees in hulle harte sal werk.**

Die Kix-werkswinkel, wat Chris  ne van Eyssen in die Strand bygewoon het, was besonder geseënd. **Loof die Here vir hierdie samewerkingsgeleentheid.**

## Dankie...

Op Woensdag 26 September het Merlé Oliphant (een van ons tutors in die Wes-Kaap) 'n bediening in Malmesbury besoek. Dit is Koreane wat 'n kinderbediening het. Hulle het verskeie kinderwerkers bymekaargekry en Merlé het 'n program oor verhoudingsbou vir hulle aangebied. Dit was baie geseënd – soveel so dat hulle haar nie wou laat gaan nie.

## Personeel:

Bid vir Pierre Scholtz , die enigste oorblywende kandidaat wat aansoek gedoen het vir die pos Bestuurder: Fasiliteite. Hy is 52 en enkellopend. Hy woon in Port Elizabeth en sal moet verhuis indien die Here hom lei om die pos te aanvaar. Bid dat hy duidelik die stem van die Here sal hoor ten einde te weet wat die wil van die Here is.

**Petra De Doorns het 'n groot behoe e aan 'n persoon wat die kantoorbestuur by Brahm Reyneke kan oorneem.** Die personeel se kinderklubs in De Doorns word toenemend 'n uitdaging. Die feit dat hulle ook gereeld vir opleidingsgeleenthede weggaan maak dat die klubs nie gereeld besoek kan word nie. **Bid vir wysheid hiermee.**

Bid vir Lizette Harris, Brahm Reyneke, Christa Booysen en Jan en Marie Grobbelaar se gesondheid. Loof die Here dat Anneline Fortuin se swangerskap goed verloop – bid ook vir die laaste drie maande van wag. Ons is ook dankbaar dat dit beter gaan met Elize Reyneke alhoewel sy newe-e ekte van die behandeling ervaar.

## Opleiding en konsultasie:

**4 –6 Oktober:** Brahm en Elize Reynecke bied opleiding aan in Worcester.

**1–4 Oktober: 'n Opskerpingskursus in F1** word by Petra Witrivier aangebied. Dit dien as voorbereiding vir die Tutorkursus wat vanaf 7 Oktober aangebied sal word. **Tien kursusgangers komende uit Singapoer, Malawi, Zambië en Mpumalanga woon dit by.** Prys die Here dat hulle almal veilig aangekom het. Hierdie week word meer gefokus op die opleidingsproses sodat die kursusgangers self as opleiers die proses gemaklik sal kan volg.

Bid vir Carmari Strobos, Lenda Müller en Gretha Lourens wat as fasiliteerders sal optree. Gedurende hierdie week sal Petra Mentors ook 2 mentors uit Egipte sowel as Maria Visser en Viola Fransman van De Doorns voorberei om as fasiteerders op te tree tydens die tutorkursus, wat van 7 – 26 Oktober aangebied gaan word.

**7 - 26 Oktober word 'n tutorkursus aangebied,** wat deur 19 kursusgangers bygewoon word. Hulle sal in 7 kleingroepies opgedeel en voorberei word om by 7 verskillende plekke studente te gaan oplei. Tydens hierdie geleenthede reik die studente na kinders uit. **Bid asseblief vir hierdie hele opleidingsproses en vermenigvuldigingsaksie. Bid dat die Here hierdie opleidingsgeleentheid sal seën. Bid veral vir koeler weer en energie en goeie gesondheid vir die Petra-mentors en -kursusgangers.**

**Foto bladsy 1: foto van 'n vriendin van Petra van Egipte**

## Gasvryheidsbediening en fasiliteite:

Ons is baie dankbaar om te kan sê dat die troue wat by Petra Witrivier aangebied is, goed afgeloop het en dat die kliënte en gaste baie beïndruk was met die diens, die omgewing en die geriewe. Sally Thain, Bonny Southey, Hester Loubser, Carine Steyn en al die helpers het hard gewerk en is baie dankbaar dat dit so goed gegaan het. Ons vertrou dat ons meer troues en funksies in die toekoms sal kan aanbied.

**Indien ons in die toekoms sulke funksies gaan aanbied, het ons 'n nuwe oond nodig. Die bestaande oond is 'n gasoond en dit is nie voldoende om vir groot groepe kos voor te berei nie. Bid asseblief saam met ons daarvoor.** Bid ook vir die span in die kombuis. Gedurende die volgende 4 weke gaan hulle baie besig wees met die groot groep kursusgangers wat vir die volle tyd 3 maaltye per dag moet kry. Wanneer die spanne vir opleiding uitgaan moet daar ook kospakkies voorsien word. Bid vir hulle vir krag en energie. Dit is ook vir hulle belangrik om die kursusgangers te alle tye welkom en geliefd te laat voel. Bid asseblief daarvoor.

Die De Doorns-personeel het ook 'n troue aangebied, vir Miriam Olivier, personeellid van De Doorns, se dogter. Hulle is dankbaar dat dit ook goed afgeloop het. Bid die Here se seën op hierdie huwelik.

## Beplanning en begroti g 2014:

Bid vir die voorbereidings vir die Bestuursvergadering wat op 17 Oktober plaasvind. Bid veral vir Manie Loubser wat die agenda en verslae gereed moet kry en vir Dawid Gerber wat dan die begroti g sal voorlê.

## Kommunikasie:

Die sinchronisasieproses van die databasis en ander rekenaars is suksesvol afgehandel! Bid vir Griet Nel wat op 'n nuwe manier al die punte ten.opsigte van die databasis bymekaar moet hou, en dat sy spoedig 'n werkbare werkswyse sal vind.

## DCM

Die laaste skof van die DCM- kursus, veral die reël van 'n Bybelse fees, is 'n groot uitdaging. Ons bid dat die Here elkeen van die geleenthede wat die studente beplan, sal seën.

## Fondswerwers:

Thys en Sonia Swart beplan om gedurende Oktober in Vryburg, Kuruman, Kroonstad, Bloemfontein en Vanderkloofdam te werk, terwyl Boe e Lourens in Pretoria, Krugersdorp, Bela-Bela, Witbank en Middelburg vennote sal besoek. **Bid vir hulle beskerming en gesondheid. Bid vir elke ondersteuner van Petra – hulle ervaar ook hartseer, fi asiële krisisse, siekte en verlies van werk.**